SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

NO. 1461 **29 Oktober 2021**

VOORVALLE VAN NIENAKOMING DEUR ’N PERSOON INGEVOLGE ARTIKEL 210(2) VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011) WAT OOREENKOMSTIG ARTIKELS 210(1) EN 211 VAN DAARDIE WET AAN ’N VASTEBEDRAGBOETE ONDERHEWIG IS

Ingevolge artikel 210(2) van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, lys ek, Edward Christian Kieswetter, Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, in die Bylae hierby, die gevalle van nienakoming wat ooreenkomstig artikels 210(1) en 211 van daardie Wet aan ’n vastebedragboete onderhewig is.

Hierdie kennisgewing sal Kennisgewing 790, op 1 Oktober 2012 in Staatskoerant No. 35733 gepubliseer, met effek van 1 Desember 2021 vervang.

E C KIESWETTER
KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

Bylae

1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking in hierdie kennisgewing vervat waaraan ’n betekenis geheg is in ’n “Belastingwet” soos in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, omskryf, dra die betekenis aldus daaraan geheg, tensy die samehang andersins aandui.

2. Gevalle van nienakoming wat aan ’n vastebedragboete onderhewig is

2.1 Versuim deur ’n natuurlike persoon om ’n inkomstebelastingopgawe in te dien soos en wanneer ooreenkomstig ’n Belastingwet vereis, vir jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2006 in aanvang neem, waar daardie persoon, met effek van 1 Desember 2021—

2.1.1 twee of meer uitstaande inkomstebelastingopgawes, vir jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2006 in aanvangs neem, maar op of voor 29 Februarie 2020 tot ’n einde kom, het; of

2.1.2 een of meer uitstaande inkomstebelastingopgawes het vir jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2020 in aanvang neem, het.

2.2 Versuim deur ’n natuurlike persoon om ’n inkomstebelastingopgawe in te dien soos en wanneer ooreenkomstig die Inkomstebelastingwet vereis, vir jare van aanslag wat op of na 1 March 2006 in aanvang neem, waar daardie persoon, met effek van 1 Desember 2022, een of meer uitstaande inkomstebelastingopgawes het.